Vrydag 18 September

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:32 – 12:3

Fokusgedeelte: Hebreërs 12:1 (AFR83/AFR2020)

Volhard in die wedloop van geloof

Ons geloofslewe word vergelyk met 'n wedloop. Soos enige atleet weet, is 'n wedloop nie altyd maklik nie. Van hoofstuk 11:32 beskryf die skrywer die verskriklike dinge wat gelowiges deurgemaak het ter wille van hulle geloof. Hy skryf hoe God sy kinders beskerm en vir hulle gesorg het, maar ook hoe hulle gemartel is, bespot is, lyfstraf verduur het, gestenig is, gebrek gely het, en so kan ons aangaan om hierdie swaarkry te lys. Tog het hulle geloof in God die gevolg gehad dat hulle in hulle swakheid krag van God ontvang het om hulle wedloop te voltooi en in die oorwinning van Christus te deel.

Jesus Christus het reeds die groot oorwinning behaal toe hy die duiwel en die sonde oorwin het. Deur sy offer aan die kruis het ons, wat nog besig is met die wedloop, reeds deel aan hierdie oorwinning. Ons wedloop wat ons hardloop word in die skadu van Christus aangepak. Deur geloof in Christus kan ons dan hierdie wedloop met volharding aanpak om so ook die wenstreep oor te steek. Daar is dinge wat hierdie wedloop moeilik maak. Die skrywer van Hebreërs skryf onder andere van laste en ook die sonde wat ons so maklik kan verstrik. Ons kry die aanmoediging om hierdie dinge in ons lewe af te gooi sodat ons die wedloop kan voltooi. Die Heilige Gees laat ons sien wanneer hierdie dinge op ons pad opduik. Dit vat oefening en inspanning om fiks te bly. Gereeld is dit nodig dat ons ons geloof moet oefen. Ons moet voortdurend besig wees met God se Woord sodat ons die laste en sonde kan herken en dit in ons lewe af te gooi. Ons moet aanhoudend bid, uit dankbaarheid, om ons geloofsverhouding met God te versterk.

Ons fokus in hierdie wedloop bly op Christus, wat reeds vir ons die oorwinning behaal het, sodat ons nie geestelik moeg word nie, maar dat ons ook met volharding, in geloof die wedloop kan voltooi en oorwin.

*Sing: Skrifberyming 5-4:5, 6*

*Ds. J (Jaco) Cronje (Bloempark)*